



Verwysing: 20200304-5284
Lêernommer: 12/2/7
Navrae: LR Abrahams

Inrigtingsontwikkeling en -koördineringsminuut: 0001/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Kwessies betreffende aanlyntoelatings.*

Onderwerp: Terugvoer betreffende kwessies oor aanlyntoelatings

1. Ten spyte daarvan dat die aanlyntoelatingsproses nie vlot begin het nie, kan die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) bekend maak dat ons reeds die verwagte aantal aansoeke oorskry het wat aanlyn op die stelsel vasgelê en ingedien is, teenoor dieselfde tydperk tydens verlede jaar se toelatingsproses.
2. Op 17 Februarie 2020, die openingsdag, is **33 518** aansoeke ingedien en teen die einde van die werksdag op 25 Februarie 2020, is **154 449** aansoeke suksesvol deur ouers op die stelsel vasgelê.
3. Vandat die proses op Maandag, 17 Februarie 2020 begin het tot Woensdagmiddag, 19 Februarie 2020 het die WKOD tot internet- tegniese probleme ondervind ondervind. Hierdie uitdagings was egter buite ons beheer.
4. Dit het daartoe gelei dat sommige ouers nie hul aansoeke vanaf Maandag tot Woensdagmiddag kon voltooi en indien nie.
5. Prinsipale van skole en beheerliggame word versoek om dit in ag te neem wanneer aansoeke verwerk word om te verseker dat alle aansoeke wat tydens die algehele toelatingstydperk vanaf 17 Februarie 2020 tot 17 Maart 2020 ontvang word, regverdig verwerk en hanteer word.
6. Daarbenewens het die WKOD ook verskeie klagtes van die publiek ontvang oor onreëlmatige en onwettige toelatingspraktyke, wat, waar toepaslik, onder die aandag van prinsipale van skole en voorsitters van beheerliggame vir oorlegpleging gebring moet word.

7. Die WKOD het verneem dat sommige skole nie die voorgeskrewe tydsraamwerke nakom nie. Enkele gevalle is aangemeld waar ouers deur skole ingelig is dat die skool reeds vroeg in Februarie hul toelatings afgehandel het, of dat hulle op 'n latere stadium die prosesse sal uitvoer.
8. Skole word daaraan herinner dat die toelatingsdatums in Omsendbrief 0043/2019 van 15 November 2019 gepubliseer is en dat hierdie datums bekend gemaak is.
9. Om dié rede **MOET** alle aansoeke wat ontvang is gedurende die tydperk in paragraaf 5 hierbo genoem, verwerk word om 'n billike administratiewe proses te verseker, soos uiteengesit in die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000).
10. **SKOLE WAT OUERS VAN GRAAD R-LEERDERS, WAT REEDS BY DIE SKOOL INGESKRYF IS, VERSOEK OM AANSOEK TE DOEN VIR PLASING IN GRAAD 1 VIR 2021:**
 - 10.1 Skole kan nie graad R-leerders wat reeds by die skool ingeskryf is, versoek om vir graad 1 aansoek te doen nie, aangesien die leerders grotendeels, in ooreenstemming met die Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring, aan die einde van die jaar deur die skool en kringbestuurder na graad 1 bevorder sal word.
 - 10.2 Die aanlynstelsel is in ooreenstemming met die beleid en bied dus nie die ouer 'n opsie om by dieselfde skool vir graad 1 aansoek te doen nie.
 - 10.3 Alle prinsipale van skole, beheerliggame en amptenare moet dus daarop let dat sodanige ouers onder geen verpligting is om ENIGE aansoeke in te dien as die kind reeds by die skool ingeskryf is nie.
 - 10.4 Hierdie aansoeke lei tot buitensporige getalle vir leerderinskrywings en -aansoeke en wanneer ons later vanjaar verslag moet lewer aan die provinsie of die nasionale departement is hierdie data nie 'n ware voorstelling van die aantal ongeplaasde graad 1-leerders nie.
11. **SKOLE WAT WEIER OM DRUKSTUKKE VAN AANSOEKE TE VERWERK:**
 - 11.1 Die aanlyn-toelatingstelsel word steeds getoets om die beste pad vorentoe te evalueer.
 - 11.2 Alhoewel ons ouers gereeld aanmoedig om aanlyn aansoek te doen, moet ons in ag neem dat daar steeds ouers is wat moontlik nie toegang tot die internet het nie en wat dalk nie die aanlynproses kan hanteer nie.
 - 11.3 Skole moet vir sodanige ouers voorsiening maak en drukstukke van aansoeke aanvaar.
 - 11.4 Baie ouers kontak en besoek ons kantore en verwoord hulle frustrasie oor skole wat weier om drukstukke van aansoeke te aanvaar en dat hulle sonder enige ondersteuning weggewys word.

- 11.5 Alhoewel ons ouers aanmoedig om die aanlynstelsel te gebruik, mag skole op hierdie stadium nie weier om drukstukke vir aansoeke te aanvaar as die ouer nie toegang tot die internet het nie.
- 11.6 Skole word versoek om sodanige ouers te ondersteun deur óf hul rekenaarsentrums beskikbaar te stel en ouers te help om aansoek te doen, óf om drukstukke vir aansoeke te aanvaar en dit op die stelsel te verwerk.
- 11.7 Daar word voorsien dat ouers mettertyd heeltemal na die aanlynproses sal oorbeweeg, maar ons moet steeds tydens hierdie oorgangsfase drukstukke van aansoeke kan akkommodeer.
- 12. SKOLE WAT OUERS REGISTRASIEGELD LAAT BETAAL OF VOORAFBETALINGS VRA OM PLASING TE VERSEKER:**
- 12.1 Ons het ook talle klagtes ontvang van ouers waar skole registrasiegeld of voorafbetalings vra om 'n plasing by die skool te verseker.
- 12.2 Dit is ontwettig en kringbestuurders word versoek om skole en beheerliggame in te lig dat die WKOD nie sodanige praktyke goedkeur nie, en ook geen ander keuse sal hê as om ouers van hul regte in te lig nie en dat die skool sodanige betalings ten volle moet terugbetaal.
- 12.3 Let daarop dat sodanige praktyke tot regstappe teen die WKOD en die beheerliggaam kan lei en dat dissiplinêre stappe teen die betrokke skool of distriksamptenaar gedoen kan word.
- 13. SKOLE WAT INLIGTING VAN OUERS VERSOEK, WAT TEENSTRYDIG IS MET DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, 1996, (WET 84 VAN 1996) EN/OF DIE WET OP BVPI, 2013 (WET 4 VAN 2013):**
- 13.1. Skole word daaraan herinner om **GEEN** persoonlike inligting oor voornemende leerders en hul ouers aan te vra vir toelatingsdoeleindes wat **NIE** in ooreenstemming is met hoofstuk 2, paragraaf 5 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, (Wet 84 van 1996), nie.
- 13.2. Dit sluit inligting in wat verband hou met die vermoë van die ouer om skoolgeld te betaal, of persoonlike en gedragsinligting oor die leerder of die ouer, wat teenstrydig is met die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (BVPI), 2013, (Wet 4 van 2013).
- 13.3. Prinsipale, beheerliggame en opvoeders wat sodanige versoeke om vertroulike inligting uitreik of daarop regeer, word ingelig dat sulke praktyke die skool en die WKOD aan wettige uitdagings kan blootstel.

14. Die WKOD wil sy opregte dank uitspreek aan skole wat alles moontlik gedoen het om ouers tydens hierdie proses by te staan en waardeer die geduld en ondersteuning van alle rolspelers in hierdie tyd.
15. Alle navrae ten opsigte van die bovermelde kan aan die betrokke kringbestuurder van elke kring of die Hoof: Bestuur en Beheer in elke distrik gerig word.
16. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendminuut onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: HA LEWIS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING

DATUM: 2020-03-03